# <u>Pro forma vir Landboukundige van die Jaar 2025</u>

Die **Landboukundige van die Jaar vir 2025 moet ’n voorligter** wees.

*Die toekenning “Landboukundige van die Jaar” wissel jaarliks tussen wetenskaplike, ekonoom en voorligter van die jaar, omdat mense in hierdie uiteenlopende beroepe almal ‘n waardevolle bydrae tot landbou maak, maar moeilik in ’n gesamentlike kompetisie/beoordeling met mekaar vergelyk kan word om ‘n wenner te bepaal.*

**Die riglyne vir ‘n voorligter is:**

- Dit is net mense wat tradisioneel voorligtingswerk doen, soos by staatsinstellings en landboukoöperasies/maatskappye, asook konsultante of landboukundiges. ***Dit geld nie vir afgetrede wetenskaplikes en bemarkingsbestuurders nie***.

**Neem die volgende in ag as jy iemand nomineer en ’n nominasie opstel:**

- Dit gaan oor die kandidaat se wese, beginsels, waardestelsels en lewensetiek.
- Dit gaan oor wat die kandidaat al vermag het, watter waarde sy/haar werk vir die landbou het en die aansien wat die kandidaat plaaslik en internasionaal geniet.
- Die kandidaat se volle loopbaan word tydens die beoordeling in ag geneem, maar die kandidaat moet nog aktief in sy veld betrokke wees.
- Die nominasie kan al sy/haar prestasies vermeld.

**Die volgende moet die nominasie vergesel**:

- Minstens 10 goeie foto's van die genomineerde en van sy werksomgewing, insluitend ’n duidelike gesigfoto.
- Sy volledige woonadres, e-posadres, telefoonnommer en selfoonnommer.
- ’n Opsomming van 300 woorde van die genomineerde.

Die nominasie kan gedoen word deur elke punt/afdeling in een tot drie bladsye te beskryf. Jy kan verwysing en skakels insluit na webtuistes of ander relevante materiaal.

**Nominasiekriteria: <u>Landboukundige van die Jaar (Voorligter)</u>**

Totaal van punte: 110

**1. Die kandidaat (10 punte)**

Skets 'n volledige prentjie van die genomineerde en sy/haar werksomgewing gedurende sy/haar loopbaan. Lê klem op kwalifikasies en die terrein waarop hy/sy 'n kenner is.

**2. Waarde vir die boer en die landbou (50 punte)**

Beskryf op watter wyse hy/sy sy/haar kennis met die boere en ander rolspelers in die landbou deel.

- *Hoe vind hierdie kennis in die praktyk neerslag?*
- *Hoe waardevol is hierdie kennis vir die boere en ander rolspelers?*
- *Hoe stel die persoon se werk, boere in staat om beter en meer volhoubaar te boer?*
- *Watter uitwerking het sy/haar voorligting as landbouvoorligter of landboukundige of plaaskonsultant op die landbou?*
- *Hoe deel die persoon sy kennis?*
- *Is die persoon iemand wat genader word om opinie te gee?*
- *Is die persoon 'n opinievormer?*

*Met ander woorde, wat is die kandidaat se impakfaktor? Op welke wyse voeg dit waarde toe tot die landbou, bedryf of organisasie waarby hy/sy betrokke is?*

**3. Aanpassing by veranderings (20 punte)**

Beskryf hoe die kandidaat daarin slaag om tred met die veranderende landbou-omgewing te hou en sy/haar navorsing/voorligting/diens daarby aanpas.

- *Hoe relevant is die kandidaat en sy/haar werk om die uitdagings van die dag aan te spreek?*
- *Hoe maak die persoon gebruik van moderne tegnologie om kennis in te samel en oor te dra?*
- *Beskryf die persoon se uitgangspunt in terme van volhoubare produksie*.

**4. Erkenning (5 punte)**

- *Beskryf die prestasies wat die kandidaat reeds behaal het – maw noem studies, besondere werk of projekte waarby hy/sy betrokke is.*
- *Beskryf die erkenning wat hy/sy geniet binne die bedryf waarbinne die persoon werksaam is, maar ook nasionaal of internasionaal.*
- *Wat is sy/haar streeks-, nasionale of internasionale aansien?*
- *Lys toekennings.*
- *Lys optredes by groot plaaslike en internasionale kongresse en deelnames aan seminare of by boeredae.*
- *Is dit 'n persoon wat die media of die bedryf nader vir kommentaar*?

**5. Ekonomiese waardetoevoeging (20 punte)**

Beskryf watter bydrae die kandidaat gemaak het tot ekonomiese waardetoevoeging tot sy vakgebied.

- *Dra die persoon se werk by tot die boer se winsgrens – spaar dit die boer geld en dra dit by tot beter winsgewendheid?*
- *Dra die werk by tot beter bestuursprosesse op plaasvlak?*
- *Dra die werk en/of die kennis wat die persoon oordra of na die plaas bring by tot beter produktiwiteit*?

**6. Bydrae tot transformasie (5 punte)**

Beskryf die kandidaat se bydrae tot 'n méér getransformeerde landbousektor.

- *Deel die persoon sy kennis met alle vlakke van boerdery – van intreevlak tot groot kommersiële boerderye?*
- *Kan hier ook verwys na skryf van artikels om verandering mee te bring.*